

Die Here is naby

Reeks preke oor die brief aan die Filippense

Dr AH Bogaards

2014

Preek 14

Lees: Fil.4:10-23

Teks: Fil.4:13 (Filippense-reeks nr.14)

Datum: 3 Augustus 2014

Psalms: 97:1,7; 25:1; 25:7; 119:25; 89:6,7

1. Inleiding:

Die Here lê ons dikwels 'n kruis op om te dra. Vir die een is daardie kruis 'n ongeneeslike of 'n langdurige siekte. 'n Ander weer moet ly onder armoede en moet gebuk gaan onder swaar finansieële probleme. Die kruis kan ook bestaan in teenstand wat jy as Christen ervaar, omdat jy op jou beginsels staan. So kan ons maar aangaan en by hierdie lys ook die kruis voeg wat ons het om deur die lewe te dra.

Dit is alles dinge wat dit dikwels vir ons so moeilik maak om ons roeping as Christene te vervul.

Ja, ons omstandighede kan soms baie moeilik wees. En tog moet ons as gelowiges vergenoegd wees, sê Filippense. Met **vergenoegd wees** bedoel Paulus: ons moet **tevrede wees** onder ons omstandighede. Ons Kategismus verwoord dit so: ons moet in teëspoed **geduldig** wees.

Maar hoe is dit moontlik om, in die taal van die Filippense-brief, **altyd** - dit beteken: onder alle omstandighede - , om altyd bly, altyd tevrede te wees ook al loop alles skynbaar verkeerd?

Moet ons ons omstandighede verwerk deur onself te troos met die gedagte: ander kry nog swaarder as ek? Of om maar op jou tande te byt en jou probleme gelate te aanvaar? **Só troos mense mekaar dikwels**: jy moet maar leer om alles **sélf** te hanteer en dra.

Ons teksvers bied 'n ANDER oplossing. Dit wys ons in 'n ander rigting, in die rigting van 'n ANDER PERSOON: *Ek is tot alles in staat deur Christus wat my krag gee*. Hier word ons dus **nie op onself gewys nie, maar op Christus**. Ons word dus gewys op ... **die Here wat naby is** – die woorde van Filippense 4:5 – die sentrale tema van die Filippense-brief.

Twee punte vra ons aandag in verband met ons teksgedeelte:

1. die tevredenheid onder alle omstandighede; en
2. die geheim van hierdie tevredenheid.

In die eerste plek dan:

2.1. tevredenheid onder alle omstandighede

Paulus is in die slot van hierdie brief besig om die gemeente van Filippi te bedank vir die finansieële hulp en ondersteuning wat hy van hulle ontvang het. Deur middel van Epafroditus, 'n lidmaat van die kerk in Filippi, het daardie gemeente hom op 'n besondere wyse ondersteun in sy daaglikse behoeftes. Selfs terwyl die apostel op ander plekke werksaam was, het die gemeente van Filippi dit nog gedoen. Hierdie materieële hulp het Paulus veral daarom besonder waardeer, omdat hy daarin 'n tasbare bewys van hulle liefde vir hom gesien het.

Tog, sê die apostel, het hy nie op naalde en spelde gesit om dit te ontvang nie. WANT, sê hy, hy het geleer om tevrede te wees met die lewensomstandighede waarin hy is. En dan spel Paulus sy omstandighede uit: *Ek weet om verneder te word, ek weet ook om oorfloed te hê; in elke opsig en in alle dinge is ek onderrig: om versadig te word sowel as om honger te ly, om oorfloed te hê sowel as om gebrek te ly*.

Meermale gee Paulus 'n lys van dit wat hy moes verduur ter wille van die evangelie. So vergelyk hy homself in 1 Korintiërs 11:23-28 met die valse apostels en dan laat hy volg: *Is hulle dienaars van Christus? --ek praat in uitsinnigheid--ek nog meer: in arbeid oorfloediger, in slae bo die maat, in gevangenskappe baie meer, in doodsgeware dikwels. Vyf maal het ek van die Jode ontvang veertig houe op een na. Drie maal is ek met stokke geslaan, een maal is ek gestenig,*

drie maal het ek skipbreuk gely, 'n nag en 'n dag het ek op die diepwater deurgebring-- dikwels op reis, in gevare van riviere, in gevare van rowers, in gevare van my volk, in gevare van die heidene, in gevare in die stad, in gevare in die woestyn, in gevare op see, in gevare onder valse broeders; in arbeid en moeite, in slapelose nagte dikwels, in honger en dors, dikwels sonder ete, in koue en naaktheid. Behalwe dit alles my daaglikse bekommernis, die sorg vir al die gemeentes. Hierdie lys kan ons 'n lydingslys noem. Daarin kry ons nog 'n dieper kyk in die omstandighede wat Paulus gehad het om te verduur.

En tog, ondanks dit alles, ondanks die feit dat hy soveel moes ly, was Paulus 'n bly mens. Hy was nie 'n mens wat ander opgeroep het om altyd bly te wees en dit self nie was nie. Intendeel, uit die brief aan die Filippense, die brief van die blydschap, kan ons aflei dat Paulus ook vervul was met blydschap.

Ja, voeg hy dan by: *Ek is tot alles instaat.* Daardie woorde moet ons nie verkeerd verstaan nie. Paulus sê nie daarmee dat hy 'n soort **superman** was wat alles kon doen wat hy wou nie. As ons die woorde mooi in hulle verband lees, sien ons dat Paulus nie sê dat hy *alles-kan-doen* nie, maar dat hy *alles-kan-dra*. Met daardie woorde sê hy: al die moeilike omstandighede wat ek so pas vir julle uitgestippel het - ek kan dit alles dra. Ek kan dit hanteer. Ek is tevrede.

Maar ek moet hier u aandag op **nóg 'n opmerklieke saak** in ons teksgedeelte vestig: wanneer die apostel sy omstandighede in vers 12 aan die gemeente skets, noem hy nie net slegte omstandighede nie. Hy stel **moeilike omstandighede én gunstige omstandighede** teenoor mekaar. Hoor maar: *Ek weet om verneder te word, ek weet ook om oorvloed te hê; in elke opsig en in alle dinge is ek onderrig: om versadig te word sowel as om honger te ly, om oorvloed te hê sowel as om gebrek te ly.*

Skynbaar was die **oorvloed en voorspoed** ook vir die apostel 'n **probleem**, iets wat hy ook moes leer dra en op die regte manier moes leer verwerk. In die verband wil ek u op 'n spreekwoord wys wat nogal baie veelseggend kan wees: ons sê soms: dit vat sterk bene om rykdom en weelde te kan dra. Daarmee bedoel ons: iemand se rykdom gaan dikwels na sy kop toe. Die persoon raak hoogmoedig.

En Paulus het geweet dat voorspoed ook in geestelike opsig vir ons gevaarlik kan wees: hoe maklik is dit nie om, wanneer alles goed gaan met 'n mens, die Here te vergeet nie. Ja, as alles voor die wind gaan, dink ons nie daaraan dat ons die Here nodig het nie. Daarom het iemand eenmaal gesê:

dit is vir ons selfs nog moeiliker om onder voorspoed dankbaar te wees as om onder teëspoed geduldig te wees.

Dit gaan dus om omstandighede van uiteenlopende aard: nie alleen teëspoed nie, maar ook voorspoed moet ons leer hanteer en onder alles vergenoegd wees, tevrede en dankbaar oor dit wat God ons toebedeel het.

Voorspoed en teëspoed - ook die digter Agur in die boek Spreuke, ook hy het geweet hoe moeilik dit vir gelowiges is om hierdie twee uiterstes in hulle lewens te kan hanteer. Hy was diep bewus van die gevare wat groot welstand en ernstige gebrek vir 'n mens kan meebring. Daarom het hy gebid vir die goue middeweg: ***(HERE) gee my nie armoede of rykdom nie, laat my geniet die brood wat vir my bestem is; dat ek nie, as ek oorversadig geword het, U verloën nie, en sê: Wie is die HERE? En dat ek nie, as ek arm geword het, steel en my aan die Naam van my God vergryp nie.***

Ja, hoor ek u al sê, maar wie van ons is tot hierdie dinge instaat? Dit is nie so maklik om geduldig te bly as jy alles verloor nie: as jy jou gesondheid kwytraak, jou werk verloor of as jy 'n geliefde moet mis nie. Onder sulke omstandighede is ons baie eerder geneig om in opstand te kom en te vra: waarom Here? Waarom het u dit of dat toegelaat in my lewe? En: waar is die Here nou? Hoekom gryp Hy nie in nie? Waarom help Hy ons dan nie?

Ja, hoe kan ons ons kruis dra en tevrede wees?

Daarom vestig ek u aandag vervolgens op:

2.2. die geheim van die tevredenheid

Paulus onthul die geheim aan ons. Hy skryf: ***Ek is tot alles in staat....*** Was hy tot alles instaat in eie krag? Omdat sy eie bene so sterk is? Omdat hy 'n soort supergelowige is? Nee, nee, sê die apostel: Ek is tot alles in staat ***deur Christus wat my krag gee.***

Paulus se lewensgeheim kan in een woord, in een Naam, saamgevat word: ***Christus.*** Sy vergenoegdheid het sy oorsaak gehad geensins in homself nie, maar in Iemand anders: in die Seun van God. Hy was die bron van die apostel se tevredenheid. En daardie fontein droog nooit op nie, wat ook al ons omstandighede is.

Ook hierdie gedeelte van die Filippense-brief draai om die kernwoorde van hoofstuk 4 vers 5: **Die Here is naby**. Dit beteken: Hy is naby ons met die hele wonder van sy liefde; Hy is naby ons met die ganse weelde van sy sorg; Hy is naby ons met die troos sy regering.

Hy is naby ons as Hy in sy **Woord** en in die prediking na ons toe kom. Deur sy heerlike evangelie, deur sy troosryke Woord sterk Hy ons en gee Hy ons krag na kruis, krag om te dra wat ons andersins nooit sou kon dra nie. Dan dra Christus ons deur sy Woord en dan is ons sterk.

Hy gee ons krag deur Homself aan ons te gee.

Dat Hy naby ons is, beteken: Hy staan midde-in ons lewe. Midde-in ons beproewings is Hy daar.

Maar die Here weet ook hoe swak ons is, hoe moeilik dit vir ons is om ons kruis te dra.

Daarom gee Hy ons die sakramente: die doop en die nagmaal.

- In die doop het Hy na u toe gekom en u by die naam genoem. Dit is: **die Here naby u!** Naby U! En toe u gedoop is oa in die Naam van die Seun, toe is u ook verseker van die ryk belofte van Filippense 4: die Here is naby ... by jou, by jou!
- In die doopsformulier, in die gebedsgedeelte daarvan, staan ook hierdie besondere woorde: laat hulle, hierdie kinders wat gedoop word, laat hulle, terwyl hulle hom daaglik navolg, hulle kruis bymoedig / met blydskap dra. Treffend dat dit in die gebedsgedeelte staan. Want daarmee erken ons dat hierdie kinders dit nie self sal kan doen nie, maar die gemeente bid dat God hulle daarin sal help met ... die nabyheid van die Here.
- En dan gee die Here ons ook nog die nagmaal. Hy plaas sy tafel midde-in ons jammerdal en daardie tafel is niks anders as 'n herinnering aan die belofte **die Here is naby**/sy wederkoms is naby, nie. Immers die tafel wys reguit na die bruilofsmaal van die Lam in die Nuwe Jerusalem.

Met die oog van die geloof sien ek Hom staan: naby my, by my, hier en nou waar ek my stryd moet stry. En hier en nou, in die lewe van elke dag, hoor ek sy stem deur en in sy Woord.

Dit is wat geloof is: om Hom te sien staan en om sy stem te hoor.

'k Hou my oë op die HEER

wat my so getrou gelei het ... (Ps 25:7, berymd)

U moenie dink dat Paulus hierdie geheim in een dag *geleer* het nie. Dit het nie sommer oornag gebeur dat hy geleer het om sy omstandighede te hanteer nie. O nee, in vers 12 sê hy: *...in alle dinge is ek onderrig*. En die woord *onderrig* wat dan daar gebruik word, beteken eintlik soveel as: om tragsgewyse 'n geheim, 'n verborgenheid te leer ken en om al lerende tot volwassenheid te kom.

Deur innige gemeenskap met Christus leer ons om ons omstandighede te kan aanvaar. Maar ook by ons is dit 'n groeiproses. Al lesende in die Woord en al luisterende na die prediking en al biddend leer ons om van onself af te sien en om nie op onself staat te maak nie. In die leerskool van die gebed en in die klaskamer van die evangelie word ons blik al meer en meer op Christus alleen gevestig. Hy wat ons krag, wat ons alles is, wat ons skenk wat ons nodig het.

Vanself kom ons nie tot hierdie heerlike kennis van Christus nie. Ook nie ons swarighede lei ons na Hom toe nie. Nood leer nie bid nie. So leer die spreekwoord ons, maar die Woord leer ons iets anders: dit is eers wanneer Christus ons deur sy Gees en Woord verander, dat ons leer om na bo te kyk. Dan word die Woord vir ons 'n wonder en Christus se nabyheid ons kragbron.

Dat Christus ons krag gee, moet ons ook nie so vertolk nie as dat ek nou die krag in eie hand het en nou sonder Christus verder kan gaan en alles kan hanteer nie. Ons teks leer ons dat ons daardie krag ontvang in voortdurende, daaglikse gemeenskap met Christus. Daarom sal ons daaglik met Christus in gemeenskap moet tree deur ons Bybels te lees en te bid. Sonder daaglikse Skrifstudie en gebed kan ons nie ons omstandighede dra nie.

3. Slot

Paulus sê erens anders: *Want as ek swak is, dan is ek sterk* (2 Kor.12:10). Dit is so veelseggend. Daarmee wil hy ons leer: as ons besef dat ons self nie alles kan dra nie, dat ons veels en veels te swak is, maar dat iemand anders, die Seun van God, ons krag wil gee, dan is ons sterk. Sterk nie in onself nie, maar in Christus wat ons krag gee.

Dit is soos Psalm 89 vers 7 sê:

*U tog, U is hul roem, hul sieraad en hul prag,
wat hul beklee met sterkte en onverwinb're mag.
Uit vrye guns alleen, uit ewige mededoë,
hef ons die hoof omhoog, weer sterk deur Gods vermoë.*

AMEN

